higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1100**(A)**(J5)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

MEDIESE PRAKTYK N4

(Eerste Vraestel)

(9090154)

5 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MEDIESE PRAKTYK N4
(Eerste Vraestel)
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek ALLE werk dood wat jy NIE wil laat nasien NIE.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.
2. AFDELING A is VERPLIGTEND.
3. Beantwoord slegs DRIE vrae uit AFDELING B.
4. Lees AL die vrae aandagtig deur.
5. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Gee die korrekte mediese term vir die volgende:

1.1.1 Die gewrigstelsel

1.1.2 Verder weg van die middellyn af

1.1.3 Aan die binnekant

1.1.4 'n Opening in 'n been

1.1.5 Verwys na die palm van die hand

(5 × 2) (10)

1.2 Verduidelik die volgende mediese terme:

1.2.1 Inferieur

1.2.2 Posterieur

1.2.3 Mikroanatomie

1.2.4 Koronale snit

1.2.5 Peritoneale holte

(5 × 2) (10)

1.3 Noem en beskryf VIER tipes bindweefsel wat in die liggaam voorkom. (4)

1.4 Noem die sluitspier tussen die slukderm en die maag. (2)

1.5 Wat word die ritmiese golfagtige bewegings van die ingewande genoem? (2)

1.6 Noem die membraan wat die longe bedek. (2)

1.7 Wat word die senuwees genoem wat impulse na die brein gelei? (2)

1.8 Noem die VIER lobbe van die serebrum. (2)

1.9 Wat word die reseptore genoem wat deur motoriese aksies gestimuleer word? (2)

1.10 Wat word die kanaal genoem wat die oor met die nasofarinks verbind? (2)

1.11 Wat word die funksionele eenheid van die nier genoem? (2)

[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

Beantwoord slegs DRIE vrae uit hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 Verduidelik kortliks asemhalingsbewegings en die invloed wat dit op gaswisseling het. (10)

2.2 Bespreek bloedsirkulasie deur die hart. (10)
[20]

VRAAG 3

3.1 Verduidelik kortliks hoe bloedgroepe bepaal word. (10)

3.2 Verduidelik die Rh-probleem wat tydens swangerskap voorkom. (7)

3.3 Noem DRIE funksies van tiroksien. (3)
[20]

VRAAG 4

4.1 Verduidelik hoe 'die pil' as voorbehoedmiddel werk. (5)

4.2 Noem VYF simptome waaroor 'n dokter ingelig behoort te word indien 'n vrou die pil gebruik. (5)

4.3 Verduidelik die werking van die volgende voorbehoedmiddels:

4.3.1 'n Diafragma (3)

4.3.2 Binnebaarmoedertoestelle (3)

4.4 Waarom word kondome nie as medies aanvaarbare voorbehoedmiddels beskou nie? (3)

4.5 Verduidelik die term *coitus interruptus*. (1)
[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Skryf kort aantekeninge oor gonorree by mans en vrouens. (10)

5.2 Skryf kort aantekeninge oor elk van die volgende:

5.2.1 Behoort 'n baba vanaf geboorte water gevoer te word? (3)

5.2.2 Wanneer moet 'n baba begin vaste kos eet? (4)

5.2.3 Mag 'n ma wat borsvoed medikasie gebruik? (3)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 60
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou